# 04 Libië





**"Alle nuwe gelowiges vind Jesus as gevolg van drome, Christelike televisie of webwerwe. Die moeilikheid begin eers werklik wanneer hulle oor Jesus begin praat." –** Charley*, 'n Geopende Deure-werker

| | |
|---|---|
| **Streek** | Noord-Afrika |
| **Christen bevolking** | 0.6% |
| **Meerderheidsgeloof** | Islam |
| **Bron van vervolging** | Islamitiese onderdrukking |

| | |
|---|---|
| **Geweld** | **68%** |
| **Druk** | **95%** |
| **Punte** | **90%** |

## Oor Libië

Baie gelowiges in Libië plaas hul lewens op die spel om Jesus te volg, want alle Libiërs word as Moslems geag en verbied om kerk toe te gaan. Bekeerlinge tot Christenskap moet hul geloof wegsteek. Hulle ervaar mishandeling en geweld weens hul besluit. Verder is Libië ook 'n tuiste vir buitelandse werkers wat aanvalle, seksuele mishandeling, tronkstraf en mensehandel trotseer – en dinge kan selfs erger raak indien hulle Christene is.

## Bid

Bid vir nuwe Christene in Libië, veral diegene wat van Islam bekeer het en geïsoleerd is van ander gelowiges. Mag die Heilige Gees hulle versterk en bemoedig.

## Ons Werk

Geopende Deure ondersteun die Kerk in Libië in samewerking met plaaslike vennote en kerke deur opleiding, literatuur-verspreiding, sosio-ekonomiese ontwikkeling, voorspraak en gebedsondersteuning.